MAAR GOD

Beste Bidders
Dit is 'n vol jaar. Ons sien 'n toename in gebed regoor die land en ook wêreldwyd. Mag God toenemend Sy Gees van gebed en smeking oor ons land uitstort. Daar is geen ander pad vir ons land en die wêreld as om die aangesig van die Here te soek nie. Die antwoord is by Hom en Hom alleen. Die situasie raak wêreldwyd by die dag al moeiliker, en tog is God in beheer.

Petrus op die water (Matt.14:22-33)
Lees weer die gedeelte waar Petrus op Jesus se uitnodiging op die water geloop het. 'n Ruk gelede het dit my opgeval dat daar staan dat dit was toe Petrus **naby** die Here Jesus gekom het dat hy begin twyfel het. Hoe dikwels sien ons nie dat juis wanneer ons naby Hom kom, ons begin twyfel nie. Skielik is ons onseker. Ons wonder of Hy daar is. Is dit nie maar Sy wil om nie te doen wat ons vra nie? Sal dit regtig 'n verskil maak as ons vra? In my eie geval het ek die afgelope twee maande opnuut vir myself gesê dat ek die Skrif en die beloftes gaan glo. Baie mense betwyfel dit en voer baie redes daarvoor aan. Om die Woord van die Here te glo is 'n geloofsaak. Daar is 'n keuse wat jy moet maak: Jy glo of jy glo nie. Ek het weer gekies om te glo. Vir 2 000 jaar het die Nuwe-Testamentiese kerk geglo en vir 4 000 jaar voor dit het Gelowiges van die Ou Testament geglo. Ek is bereid om my lewe te waag op grond van die Woord. Kan ek jou aanmoedig om stil te word voor die Here en Hom te vra om vir jou te wys of jy nog regtig glo? Dit is 'n vraag wat alleen tussen jou en Hom geantwoord kan word.

***Wêrelddag van Gebed* en 10 Dae van dag-en-nag gebed: 1-11 Mei 2008**
Die hele aksie rakende die *Wêrelddag van Gebed* op Pinkstersondag die afgelope aantal jare, neem steeds toe in krag. Dit groei in diepte en in die aantal lande wat deelneem. Dit is iets besonders om te sien in hoeveel lande die hele gedagte van tien dae van dag-en-nag gebed voor Pinkstersondag toeneem. Daar is 'n desperaatheid by mense om die Here se aangesig te soek. Die kerk verstaan al hoe meer dat slegs gebed ons gaan deurdra. Kan ek jou aanmoedig om in te skakel by gebedsgroepe en samekomste waar daar op 11 Mei gebid gaan word? Skakel in by jou gemeente se tien dae van dag-en-nag gebedsaksie. Indien daar nie so 'n aksie is nie, gaan vra jou dominee of pastoor of julle nie kan deelneem nie.
Kontak *Transformasie Afrika* vir plakkate, tien dae gebedsgidse en so meer om te help om jou gemeente en gemeenskap te mobiliseer om saam te bid. Verlede jaar was daar 3 600 plekke in die land waar mense gedurende die tien dae voor Pinkstersondag gebid het. Hierdie jaar verwag ons dat baie meer betrokke sal wees.

90 Dae van gemeenskapsuitreik: 12 Mei-9 Augustus 2008
Vir 90 dae na die *Wêrelddag van Gebed* moedig ons individue, groepe en gemeentes aan om na hulle gemeenskappe uit te reik. Die doel is om op mense se praktiese nood te konsentreer. As kerk moet ons die liefde van Christus vir die wêreld prakties na mense toe neem: met onvoorwaardelike liefde en om vir hulle te vertel dat God hulle waardig ag en sonder voorwaardes liefhet; ons moet mense se fisiese en geestelike nood raaksien en op elke moontlike manier help verlig soos die Here vir ons wys.

Gebedsinisiatiewe vir Suid-Afrika: 2008-2010
Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk, *Transformasie Afrika* en talle streeksgebedsnetwerke werk saam om 'n intensiewe "gebedsplan" te implementeer waarin ons vir ons land kan bid. Daar is 'n verkiesing aan die kom, ons sukkel met 'n energietekort, die sokkerwêreldbeker is in 2010 en daar is baie maatskaplike uitdagings in die land. Die kerk is op baie plekke sonder krag en voer nie Sy opdrag uit om die evangelie na die nasies toe te neem nie. Dit is waarvoor ons oor die volgende drie jaar wil bid.

Ons strategie is om skole, plaaslike gemeentes, tronke, polisiestasies, universiteite of groepe mans en vroue aan te moedig om deel te neem en sodoende te beleef dat hulle deel is van die hele land wat voor God staan om te bid. Die inligting kan by *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* (www.jwipn.com) of *Transformasie Afrika* (www.transformationafrica.com) aangevra word. Moedig soveel moontlik mense, gemeentes, skole, ensovoorts aan om deel te neem. Kontak ons by *Jerigo Mure*, e-pos: info@jwipn.com, tel. 012 365 3213 vir 'n elektroniese kopie.

Nuwe gebedsinisiatiewe
Dit is opvallend hoeveel nuwe gebedsinisiatiewe daar oor die afgelope paar maande in die land ontstaan het. In Pretoria het 'n groep van ses mans aan die begin van 2007 begin saambid. Op 'n Dinsdagoggend kom daar nou reeds 200-250 bymekaar om saam te bid. Dit begin nou na ander dorpe uitbrei. 'n Groep jongmense in die Kaap het met 'n SMS-waak begin. Dit beteken dat hulle mekaar daagliks per SMS kontak. Elke persoon neem 'n blok tyd elke dag en laat die volgende persoon weet as hy/sy klaar gebid het. Daar is nou sulke groepe by die Universiteit van Pretoria en ook in Johannesburg. 'n Groot groep gelowiges het begin om een keer per maand in die kantore van die stadsraad in die Kaap te bid. Dieselfde groep het die dag voor die parlementsopening in Februarie in die parlement gaan bid. In Centurion het 'n groot groep gelowiges, oor kerkgrense heen 'n hele aantal organisasies, aan die begin van Januarie saamgekom om vir die land te bid. Dit was 'n besondere geleentheid. So is daar talle voorbeelde. Laat ons bid soos die Here ons lei. Kom ons moedig mense aan om alle vorme van gebed te bid (**Ef. 6:18**).

Bennie Mostert
Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Ef.3:20

Artikels
Aanhalings

- Gebed bevorder ons persoonlike heiligheid soos niks anders nie, behalwe die studie van die Woord van God. – R.A Torrey
- Die ware gees van gebed is niks anders as God se eie Gees wat in die harte van die gelowiges woon nie. En net soos hierdie gees van God af kom, net so neig dit van nature tot God in heilige asemteue en hunkerings. – Jonathan Edwards
- Wanneer ons te glad van tong raak in gebed, is ons vir seker besig om met onsself te praat. – A.W. Tozer
- Hy wat te besig is om te bid, sal te besig wees om 'n heilige lewe te lei. Satan wil meer as enigiets anders sien dat ons maar die gras oor die paadjies na ons gebedskamer sal laat groei. – E.M. Bounds

- Gebed wat oorwin, vra 'n teer, medelydende hart, 'n diepe besorgdheid oor die eer van God en die welsyn van Sy mense. Nehemia het gehuil en gerou. – Arthur Wallis
- Ek is vas oortuig daarvan dat die mens wat nie ure alleen saam met God deurbring nie, nooit die salwing van die Heilige Gees sal ken nie. Die wêreld moet buite gelaat word totdat God alleen die gesigsveld vul. God het belowe om gebed te beantwoord. Dit is nie dat Hy onwillig is nie, want die feit is dat Hy meer gewillig is om te gee as wat ons is om te ontvang. Maar die probleem is dat ons nie gereed is nie. – Oswald J. Smith
- Enige kerk kan 'n magtige Godsman as Sy leraar hê as dit bereid is om die prys te betaal en daardie prys is nie 'n groot salaris nie maar groot gebed. – R.A. Torrey
- Jy sal eerder 'n lewende mens kry wat nie asemhaal nie as 'n lewende Christen wat nie bid nie. Hiervoor moet elkeen wat godvresend is, bid.
- Geen gebed is gelyk aan geen genade. – Matthew Henry, in sy kommentaar op **Matteus 6:5**.
- Die belangrikste ding wat enigiemand vir God en die mens kan doen, is om te bid. Jy kan meer doen as bid nádat jy gebid het, maar jy kan nie meer as bid doen vóórdat jy nie gebid het nie. Gebed is om die wenhou te slaan - om te dien is om die gevolge in te oes. – S. D. Gordon

Wat, waar en wanneer
Internasionaal

1-10 Mei 2008: Tien dae van dag-en-nag gebed

Christene van regoor die wêreld word genooi om vir tien dae van 1-10 Mei 2008 dag en nag te bid van middernag tot middernag. Vir praktiese wenke oor hoe om die tyd in gebed deur te bring, besoek www.globaldayofprayer.com, ook vir aankondigings omtrent die *Wêrelddag van Gebed*-gebeure en om 'n gebedsboekie vir hierdie tien dae af te laai.

11 Mei 2008: *Wêrelddag van Gebed*

Miljoene Christene regoor die wêreld en hopelik in elk van die ongeveer 220 lande van die wêreld sal gebedstye hê vir herlewing in hulle nasies en vir die redding van die ongereddes van die wêreld. Vanjaar word veral daarop gefokus om gemeentes oral aan te moedig om 'n gebedsleefstyl aan te neem deur vir 24 uur vir een dag per week of minstens vir ee dag per maand te bid. Besoek www.globaldayofprayer.com vir aankondigings omtrent die *Wêrelddag van Gebed*-gebeure vanjaar, sowel as vir 2009 en 2010.

7-8 Junie 2008: *Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood*

Die *Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood* vind vanjaar van 7-8 Junie plaas. Christene regoor die wêreld berei voor om gesamentlik in te tree dat God vir hulle Sy hart en deernis vir kinders sal gee en hulle gebede sal verhoor. Vir hulpmiddels en inligting omtrent hierdie inisiatief, besoek Webtuiste: www.viva.org/pray of e-pos: pray@viva.org

Wat, waar en wanneer
Nasionaal

8-13 April 2008: "*He's alive*"-vertoning

Passion Play Ministries van Kaapstad voer hulle jaarlikse vertoning, "*He's Alive*", by die Bellville Burgersentrum op. Dit is 'n interkerklike bediening wat fokus op inreik sowel as uitreik. Dis vanjaar die elfde keer dat die vertoning opgevoer word. Vir meer inligting, kontak Bronwyne Scott, sel: 084 769 7350 of David de Villiers, sel: 072 585 2913. *Passion Play Cape Town*, Posbus 1026, Milnerton, 7435. Webtuiste: www.passionplay.org.za of e-pos: info@passionplay.org.za

10-12 April 2008: *International Marketplace Summit*

ITN Africa sal van 10-12 April 2008 die gasheer wees vir die *International Marketplace Summit* in Somerset-Wes. Afgevaardigdes van regoor die wêreld word vanjaar verwag en jy word ook daarheen uitgenooi. Ed Silvoso sal die hoofspreker wees. Vir al die werkplek- en kanselleraars is hierdie vir seker een van die "moet bywoon"-gebeurtenisse in 2008! *The ITN Africa Team*, tel.: 021 856 2769, faks: 021 856 1174. Webtuiste: http://www.itnafrica.com of e-pos: info@itnafrica.com

18-20 April 2008: *Mighty Men's Conference*

Die *Mighty Men's Conference* word van 18-20 April 2008 op Shalom plaas gehou. Tussen 23 000 en 30 000 mans van regoor die wêreld word by die konferensie verwag. Die grootste tent wat nog ooit opgerig is, is vir die geleentheid bekom. Die plaas het met die konferensie in April 2007 byna uit sy nate gebars met 'n bywoning van 7 400 mans! *Shalom Ministries*, Posbus 373, Greytown, 3250. Tel.: 033 417 1695, faks: 033 417 1425 en e-pos: shalom@futuregtn.co.za

12 April 2008: Toerustingsgeleentheid vir ouers in die Wes-Kaap

Die *Kindergebedsnetwerk* hou 'n streeksopleidingsgeleentheid op 12 April in Bellville. Ouers en onderwysers word uitgenooi om toegerus te word om hulle kinders te help om te bid. Jong kinders kan aktief aan gebed deelneem, selfs bo die vlak van hulle begrip. Die regte rigting moet net vir hulle aangedui word. Kom kry werkbare idees en praktiese inspirasie by hierdie eendagwerksessie. Om te registreer, kontak Rudi, tel.: 021 949 1909, sel: 083 462 1595 of e-pos: nagels@fountainfortress.za.net

19 April 2008: *Precept Ministries*-konferensie vir tieners

Precept Ministries is 'n bediening wat deur God begin is om mense toe te rus om Sy Woord te bestudeer. Deel van *Precept Ministries* se missie is "The Call", 'n tienerkonferensie om hierdie generasie met God se Woord toe te rus. Deur middel van 'n studie van die Evangelie van Lukas sal tieners Jesus se roeping om Hom te volg, ontdek en wat dit behels om 'n ware dissipel te wees. Die konferensie word op 19 April van 09:00 tot 16:00 by *Precept Ministries* gehou. *Precept Ministries S.A.*, Posbus 539, Howard Place, 7450. Tel./faks: 021 531 1836, webtuiste: http://www.precept.org.za/ of e-pos: info@precept.org.za

7-8 Junie 2008: *Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood*

Die *Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood* vind vanjaar van 7-8 Junie plaas. Christene regoor die wêreld berei voor om gesamentlik in te tree dat God vir hulle Sy hart en deernis vir kinders sal gee en hulle gebede sal verhoor. Oorweeg dit om 'n kort byeenkoms tydens die kerkdiens of kinderkerk te bied of selfs 'n langer byeenkoms op die Saterdag. Julle kan selfs daaraan dink om 'n geleentheid te hou wat die hele stad betrek, of net saam met 'n paar vriende bymekaarkom om te bid. Vir hulpmiddels en inligting

oor hierdie inisiatief, skakel pray@viva.org of besoek www.viva.org/pray of Gerhard Botha, tel.: 016 423 5972, of pray@mweb.co.za.

!! Deurbrake!!

Die gety is regtig besig om te draai!

Christene wonder dikwels of daar regtig iets gebeur wanneer hulle onvermoeid bid dat die misdaad en geweld moet ophou. Tog is daar oor die afgelope aantal maande baie getuienisse gehoor van hoe misdadigers gevang is of geheel en al in hulle spore gestuit is toe hulle hulle bose planne probeer uitvoer het. Dit is 'n seker teken dat God tog besig is om die gety om te keer. Hieronder volg 'n ware verhaal van wat gebeur het, maar wat nooit die plaaslike koerant sal haal nie. Dit getuig egter steeds dat reg en geregtigheid besig is om misdaad aan bande te lê. 'n Persoon wat in Pretoria woon, het die volgende getuienis vir ons gestuur.

Oor die tydperk van twee dae het ek drie dinge reg voor my oë gesien gebeur wat my laat besef het dat ons nie tevergeefs tot die lewende God bid en Hom smeek vir genade, verlossing en die redding van ons nasie nie. Een Saterdagaand op pad huis toe van 'n restaurant af, het ek drie verskillende rooftogte gesien wat klaarblyklik skeefgeloop en misluk het. Twee mense was aan die vlug nadat hulle 'n motor gesteel het. In hulle poging om weg te kom het iets verkeerd geloop en die motor het in 'n nabygeleë brug vasgery. Net twee kilometer verder het ek op 'n ander toneel afgekom waar mense besig was om in 'n gesteelde motor te ontvlug, téén die verkeer op die snelweg, en toe in 'n boom vasgery het. Niemand anders is beseer nie, maar die rowers kon nie wegkom nie.

'n Week later was ek en 'n vriendin besig om middagete te nuttig by 'n buitelugkafee. 'n Ander vriend het ons opgemerk en 'n rukkie by ons gestaan en gesels oor God se goedheid en sorg en leiding in ons lewens. Die volgende môre het hy ons laat weet dat daar 'n rooftog plaasgevind het naby waar ons gesit het. Toe die rower by die tafel verby hardloop waar ons gesit het, het die vuurwapen onverklaarbaar uit sy hande geval en is die rooftog stopgesit! Ek weet nou dat God aan die werk is en as ons noukeurig genoeg kyk, sal ons elke dag sien hoe wonders om ons plaasvind. Ek kan van harte met **Jesaja 63:7** saamstem: *Ek sal die troue liefde van die Here verkondig, die roemryke dade van die Here, alles wat Hy vir ons gedoen het, Sy groot goedheid vir Israel, alles wat Hy gedoen het in Sy genade, in Sy groot liefde.*

***Impact Radio* is terug op die lug**

Die raad van die gesagsliggaam, die *Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (OKOSA)*, het *Impact Radio* in kennis gestel dat 'n permanente gemeenskapsgebaseerde uitsaailisensie aan hulle toegestaan is. Die 103 MHz-frekwensie is aan hulle toegeken. Hulle mag voortgaan met 'n gemeenskapsgebaseerde uitsaaidiens in Pretoria en die omliggende gebied. Impact Radio is uiters dankbaar dat die kwessie na 'n tydperk van jare (sedert Maart 1998!) opgelos is. Ons wil julle ook graag vir julle gebede en ondersteuning gedurende hierdie tydperk bedank. (*Impact Radio*, Posbus 33626, Glenstantia, Pretoria, 0010. Tel.: 012 348 8111, faks 012 348 2335. Webtuiste: www.impactradio.co.za of e-pos: radio@impactradio.co.za).

Ebola onder beheer in Uganda

Daar was geen verdere gevalle van Ebola in die Bundibugyo en Bwisi-distrik in Uganda nie. In Desember het baie mense gebid vir 'n einde aan hierdie verskriklike uitbraak. Dankie dat julle gebid het. Van die

middel van Januarie af kom geen gevalle van Ebola in enige van die plaaslike klinieke voor nie en die afsonderingseenhede is gesluit. (Bron: *Wycliffe Prayer Focus Bulletin*, 4-10 Februarie, 2008).

Christen-gospelsangeres na twee jaar vrygelaat

Die Eritrese gospelsangeres, Helen Berhane, wat in November 2006 uit die tronk vrygelaat is nadat sy vir twee jaar sonder verhoor in Eritrea aangehou is, het asiel in Denemarke verkry. Berhane en haar dogter het op 19 Oktober in Denemarke aangekom nadat hulle elf maande in Soedan deurgebring het. Haar gesondheid is steeds uiters swak as gevolg van die liggaamlike lyding wat sy tydens haar aanhouding deurgemaak het. Sy kan nie sonder hulp loop nie. Tydens haar aanhouding is Berhane vir lang tye in skeepshouers gehou en verskeie kere deur die owerheid gemartel in 'n poging om haar te dwing om haar geloof af te sweer. Dank God dat Berhane 'n veilige woonplek gevind het. Loof Hom vir haar getrouheid. Bid dat God sal aanhou om haar te beskerm en vir haar te sorg. Bid dat Hy vir haar rigting en wysheid sal gee sodat sy kan aanhou om hom te dien. (VOM Sources).

Kinders in Kenia bid vir reën in hulle land en dit sous!

Die kinders sit die kerk van hoek tot kant vol en hulle onskuldige gebede vul die lug. "Vader, ons land is in die moeilikheid. Ons bid dat daar vrede sal kom," bid 'n elfjarige seun. "Beskerm ons, Vader. Leer die mense om mekaar lief te hê en nie meer te baklei nie." Twee weke lank het die kinders in hierdie krotbuurt bymekaargekom om vir hulle land te bid. Die kerk se leraar sê die kinders het uit hulle eie begin bymekaarkom, toe het hy hulle by die kerk laat inkom. Die daaglikse biduur lok nou meer as 200 kinders met ouderdomme wat wissel tussen 3 en 17 jaar. Die leraar sê dat vandat die kinders begin bid het, daar geen sterftes, afgebrande huise of selfs geweld in hulle deel van die krotbuurt voorgekom het nie. Die volwassenes is verstom hieroor. Die kinders noem dit egter nie eers nie omdat dit presies is wat hulle verwag het sou gebeur. "Die pastoor het vir ons gesê daar is krag in gebed. Hy het gesê ons kan die land deur gebed verander," verduidelik die twaalfjarige Boniface. "Nou ja, dis wat ons doen, om die land te verander." Die plaaslike leraar se kommentaar is: "Ek is verstom oor die diepe begrip wat hierdie kinders het van die kwessies rakende die chaos in Kenia na die verkiesing." Wanneer die "babas" die geleentheid kry om te bid, slaan 'n vreeslose vierjarige sy handjies saam en skroef sy ogies so styf toe dat sy hele gesiggie op een groot plooi trek. "Here, mense gaan dood," bid hy. "Moet asseblief nie dat iemand voor my huis doodgaan nie." Aan die einde van die biduur gons die kerk met jong stemmetjies en begin die opgekropte energie vrylik uitstroom. Die kinders lag en hou mekaar se hande vas terwyl hulle in die reën uithardloop op pad huis toe. Dit is nie die reënseisoen nie, maar dit stortreën. Die kinders het oor die drie dae se landswye protesaksie wat deur die opposisieparty uitgeroep is gebid. Hulle het vir God gevra om die beheer te neem en te verhinder dat mense sterf. As gevolg van die onverwagte reën het baie minder mense by die protesbyeenkomste opgedaag as wat verwag is. Hoewel daar steeds groot skade aan eiendom aangerig is, was dit baie minder as wat voorspel is. Die dodetal vir die week was die laagste vandat die voorvalle begin het. "Sien," fluit die sewejarige Natasha deur haar twee uit voortande. "God beantwoord gebed." (*ASSIST News Service (ANS)*, P.O. Box 609, Lake Forest, CA 92609-0609 USA. Webtuiste: www.assistnews.net of http://www.assistnews.net/Stories/2008/s08010224.htm of e-pos: assistnews@aol.com).

Het jy geweet?

Die wêreld se kleinste Bybeltjie

Wetenskaplikes in Israel het die wêreld se kleinste Bybeltjie geskep. Hulle het 'n weergawe van die heilige boek in die Hebreeuse taal op 'n goudbedekte silikonskyfie kleiner as 'n speldekop geplaas. Navorsers by *Technion, Israel se Instituut vir Tegnologie*, kon die Hebreeuse Bybel van 308 428 woorde – aan die meeste mense as die Ou Testament bekend – op 0,5 vierkante millimeter inpas. Die tweede kleinste grootte is 50 keer groter! (Webtuiste: http://www.ioltechnology.co.za/article_page.php?iArticleId=4178819).

55 miljoen mense beskik oor gedeeltes van die Skrif

Die jongste statistiek van *Wycliffe Bible Translators* bevestig dat daar vir die eerste keer 55 miljoen mense is wat oor gedeeltes van die Skrif in hulle eie taal beskik. Daar is egter nog 193 miljoen mense wêreldwyd, wat ongeveer 2 251 tale verteenwoordig, wat nog geen toegang tot die Bybel in die taal van hulle hart het nie. Daar word gemiddeld 74 Bybelvertalingsprojekte elke jaar van stapel gestuur, teenoor 25 in die 1990's. (*Assist News Service*, 28-11-07. Webtuiste: www.assistnews.net).

Oorlogstoker en toordokter gered

Vandat hy onlangs sy oorlogsmisdade erken het, haal die voormalige Liberiese rebelleleier Milton Blahyi hoofopskrifte in koerante regoor die wêreld. Die volslae brutaliteit van daardie misdade, klaarblyklik aangehits deur demoniese ingewings, is bloedstollend: kinderofferandes, sataniese rituele, massamoorde (20 000 mense) en bisarre militêre vertonings. Wat deur die sensasie van die berigte oorskadu word, is die feit Blahyi gered is, 'n prediker geword het en glo dat belydenis noodsaaklik is en dat ander rebelle uit hulle skuilplekke na vore moet kom en hulle misdade moet bely. Hy sê ook dat hy enige straf verdien wat Liberië se *Waarheids-en-Versoeningskommissie* as vanpas ag, selfs al is dit die dood. Hy word nou dikwels gesien waar hy op straathoeke en in kerke in Monrovia preek. (Webtuiste: http://news.bbc.co.uk/2/hi/africa/7200101.stm).

VK gebedsopname

'n Opname wat in 2007 deur *Tearfund* onderneem is, het bevind dat 42% (20 miljoen) volwasse Britte bid en dat 9 miljoen elke dag bid. Een uit elke drie persone glo dat God oor hulle waghou en hulle gebede sal beantwoord. Ongeveer 12 miljoen het gesê dat gebed die lewens van vriende en familie of hulle eie lewe kan verander en een uit vyf reken dat dit die wêreld kan verander. Onder kerkgangers het 6 uit 10 elke dag gebid. 'n Opname wat vroeër in die jaar gedoen is, het getoon dat 7,6 miljoen volwassenes minstens een keer per maand kerk toe gaan. (*News Bytes*, 16/01/08, e-pos: newsbytes@yahoogroups.com).

Wat's aanlyn

http://www.ethne.net/membercare/updates	*Ethnê-Member Care-Updates* is 'n maandelikse verslag met belangrike hulpbronne rakende ledesorg (sorg vir sendelinge in die veld), plus toepaslike materiaal uit die internasionale humanitêre, besigheids- en gesondheidsterrein.
http://www.laridian.com/	*Laridian* is die tuiste van bekostigbare Bybel-sagteware vir jou sakrekenaar (*Pocket PC*). *PocketBible 3* is topverkoper Bybel-sagteware vir *Windows Mobile-based Pocket PC*-toestelle. Nuwe byvoegsels vir *PocketBible 3* sluit byvoorbeeld Bybelkaarte, Dake Study Bible Notes, Die Werke van Josefus (gratis) en nog meer in.
http://www.jwipn.com/pdf/Seek%20My%20Face%20-%20children%20A4.pdf	*"Talking to God"* vir kinders is 'n opwindende manier om kinders van 6 tot 10 jaar oud te leer om te bid. Kinders kan dit self tydens hulle stiltetyd gebruik. As jy 'n ouer is, sal jy asseblief die gebedsgids (artikel om af te laai) vir jou kind gee en ons by pray@jwipn.com laat weet hoe hulle dit ervaar het.